UYAVULA LEES- En SKRYFPROJEK Sê DANKIE

Dankie, dis heerlik om te kan sê dat ons gesinsband met die Omgeegemeente die afgelope tyd net verder versterk is. Ja, julle gee werklik om! 'n Hartlike dankie vir al die pragtige kinderboeke wat ons ontvang het. En, ons is opgewonde oor die Omgee-gemeentelede wat nou as kosbare lesers by Uyavula leessessies inskakel. Aan Hom die eer.

Amanda de Villiers

BYBELSTUDIE STORMHAVEN PARK

19 Mei 2022 om 10:00

Koördineerder: Coenie Basson - 082 552 1850

Tee na die erediens

Gemeentelede het 'n behoefte om weer na die oggenderedienste in Patmos/Kosmos tee te drink en met die opheffing van die ramptoestand, mag ons dit nou doen. Dankie aan Elisma Lotz wat aan die roer van sake is, maar ons het vrywilligers nodig om haar te help en af te los. Gee asb. jou naam by die kerkkantoor (021 852 1787) op as jy vir ons kan help sodat ons 'n lys van vrywilligers met kontakbesonderhede aan Elisma kan voorsien.

LOERIESFONTEIN

Ons skakelpersoon uit Loeriesfontein, Elna Brand, het laat weet dat dit onder omstandighede goed gaan. Hulle neem dit maar nog steeds dag vir dag. Hulle is ontsettend dankbaar vir die reën wat wel daar geval het, maar ongelukkig neem die veld maar lank om te herstel na die 8-jaar lange droogte. Die troppe skape is gedurende die droogte so verminder dat sommige boere slegs so 5 skape oorgehou het. Om nou die vee aan te vul is dan ook 'n uitdaging vir hulle omdat finansies nog steeds 'n probleem bly. Sy noem dat hulle kruideniersware-voorraad so uitgedun is, met die gevolg dat hulle nie tans in staat is om die Tehuis vir Bejaardes in Loeriesfonteins te kan help met hulle behoeftes nie. Indien daar gemeentelede is wat hulle weg oopsien om hier te help, kan hulle my skakel, of die kerkkantoor.

Josephine (082 830 5337), Kerkkantoor (021 852 1787)

ACVV HUIS MARIE LOUW TEHUIS VIR BEJAARDES

Ek besef dat baie persone in hierdie ekonomiese tye finansieel sukkel, maar ek neem egter die vrymoedigheid om die behoeftes wat daar tans by by Huis Marie Louw, Tehuis vir Bejaardes in Somerset-Wes, met die gemeente te deel. Ons het gedurende die Covid-19 pandemie waar ons vir 2 jaar ingeperk was, 21 leë kamers gehad wat 'n ontsettende finansiële impak op ons Tehuis gehad het en nog steeds het. Gelukkig kon ons vanaf die begin van die jaar 8 kamers gevul kry. Tans is daar nog steeds 13 kamers leeg en dit veroorsaak dat ons nie maandeliks ons finansiële verpligtinge kan nakom nie.

Ons is tans besig om die leë kamers so een vir een te verf en mooi te maak en hiervoor het ons vrywilligers nodig om met hierdie proses te help. Indien jy een van daardie persone is, skakel my gerus.

Indien daar persone is wat meer wil weet rondom beskikbare verblyf by Huis Marie Louw, kan hulle gerus Die Hoof, Suster Groenewald, by 021 8522347 skakel vir meer besonderhede.

Dan benodig ons 2 werkende rekenaars: nuut of tweedehands. Dié wat ons tans het is so oud en oneffektief. Daar is ook 'n behoefte, veral noudat dit winter word, vir 'n lugversorger vir die Siekeboeg. Indien jy sou belangstel om betrokke te raak by Huis Marie Louw, skakel my gerus en dan gesels ons.

Ons sê dankie vir julle aandag aan hierdie saak.

Josephine de Leeuw den Bouter (082 830 5337)

Voorsitter Huis Marie Louw

ETE TEN BATE VAN HUIS MARIE LOUW AANGEBIED DEUR DIENENDE HANDE

Ons gemeente het kennis geneem van die nood by Huis Marie Louw en so eie aan die Omgeegemeente, besluit om uit te reik en 'n ete ten bate van Huis Marie Louw aan te bied op **Vrydadg, 3 Junie 2022.**

Bestellings word ingewag vir 'n liplekker ete met spyskaart:

Hoenderpastei, groenbone, soetpatats en wortelslaai @ R80/persoon.

Nagereg ook beskikbaar @ R25/persoon.

Eie drinkgoed en glase. Eetgerei word verskaf.

Twee opsies:

1) ***Aansitete: Vrydag, 3 Junie 2022 om 18:00 in die kerksaal, of***
2) ***Afhaal van bestelling(s) op Vrydag, 3 Junie tussen 17:00 en 17:30.***

Plaas bestellings voor of op ***Maandag, 30 Mei @ 17:00*** by:

Cecile (073 173 1134) of Josephine (082 830 5337)